

**Dinsdag 8 Oktober**

**Skrifgedeelte: Jesaja 44:1-4**

**Fokusgedeelte: Jesaja 44:2, 3**

**Wedergeboorte – 'n Gees-bewerkte ingrype deur God (2)**

Ons God is nie 'n God wat bietjie vir bietjie afmeet nie – Hy gee altyd in oorvloed. Soos Christus wat nie net iets van Homself gegee het nie, maar alles – selfs sy lewe. In gister se gedeelte het ons gesien hoe God gee wat onmoontlik lyk. Hy kan nuwe lewe gee uit doodsbeendere. In vandag se gedeelte sien ons Hy die onmoontlike *in oorvloed*.

In hoofstuk 43 sê die Here nog Hy het Jakob iets gemaak wat uitgeroei moet word, Israel iets wat bespot moet word, vanweë hulle sonde. Maar hier in Jesaja 44 breek die genade van die Here deur. Hy straf nie net nie – sy genade is altyd groter. Hy noem sy volk aanvanklik “Jakob” – wat bedrieër beteken. Hulle het Hom bedrieg met hulle sondes. Maar hier noem Hy hulle “Jesurun” – wat beteken die “opregte” of “regskapene”.

So sien God sy volk. Hy sien hulle nie in hulle sonde nie, maar Hy sien hulle aan soos Hy hulle gemaak het deur sy ingrype. Hy het Jesurun uitverkies, hulle gemaak, reeds in die moederskoot. Daarom sal die Here aan sy verbond met hulle dink, en ingryp hier in die ellende van die ballingskap.

Hy sal ingryp en sy Gees op hulle uitgiet. Waar die Gees in God se kind is, word jy nuut en vol van genade. En Hy gaan dit oorvloedig doen. “Uitgiet” beteken Hy hou niks terug nie. Sy Gees is soos strome water op 'n dorre aarde.

God gee vandag steeds vir sy kind in oorvloed. Moet nooit kla nie. Selfs in die grootste nood is sy liefde oorvloedig. Die gevolg hiervan? *Moenie bang wees nie!* Moenie bang wees nie, want jy is van altyd af sy Jesurun, deur Jesus Christus – al leef ons soms soos 'n Jakob. Hy sal altyd maar weer ingryp deur die Heilige Gees, ook as ons afdwaal.

*Sing: Skrifberyming 18-6:4, 5*

*Ds. HJ Briel (Hennie) (Petrusburg/Boshof)*